LAERSKOOL KOLLEGEPARK

12 Februarie 2026

Die eerste paar weke van die termyn is reeds verby en dit was ’n bedrywige, maar baie suksesvolle tydperk. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor ons ouers en leerders vir hulle voortdurende ondersteuning, betrokkenheid en goeie samewerking. Dit dra in ’n groot mate by tot ’n stabiele en produktiewe leeromgewing waarin elke kind kan floreer.

SKOOLURE

Net ’n vriendelike herinnering om jul horlosies in te stel om die skoolritme glad te laat verloop. Ons begin elke dag om 07:25, en die afhaal-ure verskil volgens graad en dag van die week.

Maandag tot Donderdag:

- Graad RR – 2: 12:45
- Graad 3: 13:00
- Graad 4 – 7: 13:45

Vrydag:

- Graad RR – 2: 12:45
- Graad 3: 13:00
- Graad 4 – 7: 13:15

Ons waardeer julle samewerking om seker te maak dat kinders betyds arriveer en die dag optimaal kan benut. ‘n Goeie begin is die sleutel tot ‘n suksesvolle dag!

HEKKE

Alle graad 1–7 leerders word hiermee vriendelik herinner dat die hek by graad RR en graad R nie deur hulle gebruik mag word nie. Slegs leerders wat spesiale toestemming het en in besit is van ’n rooi kaartjie, word toegelaat om van daardie hek gebruik te maak. Alle ander graad 1–7 leerders moet uitsluitlik die hek in Hans van Rensburgstraat gebruik. Ons vra ouers en leerders se samewerking om die veiligheid en gladde verloop van aankoms en vertrek te verseker.

KASKARDAG

Ons Kaskar vind plaas op 27 Februarie en die opgewondenheid rondom hierdie spesiale dag groei reeds mooi. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor al die ouers en leerders wat reeds geld ingesamel en borgvorms ingestuur het - julle moeite en betrokkenheid word opreg waardeer. Ons moedig almal aan om aan te hou en die laaste bietjie ekstra inspanning te gebruik om van hierdie projek ’n groot sukses te maak. Ons doen ook ’n beroep op enige persoon of instansie wat graag ’n kaskar teen R1 800.00 wil borg. Belangstellendes is welkom om Juf. Y. Engels te kontak vir verdere inligting.

VALENTYNSDAG

Kom vier Valentynsdag saam met ons! 🌸 Vrydag 13 Februarie mag leerders iets rooi, pienk of wit aantrek (gewone klere) om die dag ekstra feestelik te maak. Daar sal ook ’n pret-fotohoekkie beskikbaar wees waar spesiale oomblikke vasgevang kan word teen slegs R10 per foto.

ASSESSERING:

Die assesseringstydperk begin volgende week, en ons moedig alle leerders aan om dit met toewyding en erns te benader. Goeie voorbereiding, volgehoue inspanning en ’n positiewe ingesteldheid sal help om die beste resultate te behaal. Ons vra ook ouers om hulle kinders te ondersteun en aan te moedig om hulle volle potensiaal te bereik.

16 Februarie	Grondslagfase formele assessering begin
11 Maart	Grondslagfase formele assessering eindig
17 Februarie	Formele assessering: Afrikaans graad 4 – 7
19 Februarie	Formele assessering: NW graad 4 – 7
24 Februarie	Formele assessering: Tegnologie graad 7
26 Februarie	Formele assessering: EBW graad 7
03 Maart	Formele assessering: Wiskunde graad 4 - 7
05 Maart	Formele assessering: SW Geografie graad 4- 7
10 Maart	Formele assessering: Engels graad 4 – 7
12 Maart	Formele assessering: SW Geskiedenis graad 4 - 7

GRAAD 4-KAMP

Ons Graad 4-Wag ’n Bietjie kamp vind plaas van **14 tot 16 Oktober 2026** en beloof om ’n onvergeetlike ervaring vir ons leerders te wees. Hierdie kamp bied waardevolle geleenthede vir spanbou, selfstandigheid en persoonlike groei in ’n veilige en gestruktureerde omgewing. Die koste per leerder beloop **R1 850** en is afbetaalbaar oor 9 maande. Ons moedig u aan om betyds beplanning te doen sodat elke leerder die kans kry om deel te wees van hierdie besondere ervaring. U ondersteuning en samewerking word, soos altyd, opreg waardeer.

SKOOLFONDSVERPLIGTINGE

Dankie aan al die ouers wat getrou hul skoolfondsverpligtinge nakom. U samewerking en ondersteuning dra by tot die volhoubare funksionering en kwaliteit onderrig wat die skool aan ons leerders kan bied. Ons wil ook ouers wat agterstallig is, vriendelik herinner en aanmoedig om hulle skoolgelde so spoedig moontlik op datum te bring. Gereelde en tydige betalings help ons om die skool se programme, hulpbronne en fasiliteite tot voordeel van elke leerder te handhaaf. Ons waardeer u begrip en voortgesette samewerking.

PERSONEEL AANGELEENTHEDE:

Mev. Steenkamp gaan ons verlaat om ’n nuwe tuiste in Amerika te vestig. Ons bedank haar opreg vir haar toewyding en waardevolle bydrae tot ons skoolgemeenskap en wens haar alle voorspoed en seën toe met hierdie nuwe hoofstuk. Mev. van den Berg sal binnekort ’n skoueroperasie ondergaan en sal vir ’n tydperk afwesig wees. Baie sterkte! In die lig van bogenoemde mag daar moontlike personeelverskuiwings plaasvind. Ons sal ouers en voogde so spoedig moontlik verwittig.

Ons wens elke leerder en ouer alles van die beste toe vir die res van die kwartaal. Mag dit ’n tyd wees van harde werk, groei en sukses.

MNR. C.F HERBST

SPECHT|KUTUMELA
attorneys

Experience You Trust | Results You Need

We provide trusted, compassionate legal support for life's key moments:

Family & Divorce Law | Care and contact, maintenance, parental rights.

Debt Collection & Civil Matters | Practical solutions for financial and contractual disputes.

Labour Law | Employers and Employees.

Criminal Law | Bail & Trial Advocacy, Protection Orders, Harassment Orders.

Local. Experienced. Approachable.

We're here when you need us most.

Contact Us Today

Detlev Specht: +27 (0)82 979 8838 | Tumi Kutumela: +27 (0)71 534 1042

Office: +27 (0)16 100 7600 | detlev@sklawinc.co.za

Shop 1, Top Hill Office Park, Hendrik van Eck Blvd., Vanderbijlpark, 1900

ADK DRAMA & FILM KLASSE

Ontwikkel jou sefvertroue!

HIER!

Drama kweek selfvertroue, en selfvertroue sukses!

Skryf nou in:

0827818032

info@adk-drama.co.za

www.adk-drama.co.za

ADK DRAMA & FILM